entertainment

# 'Gatiepie gaat visvang' -- hier in Boksburg

Horst Günther

Dramaturg en inwoner van Reiger Park Kevin Ehrenreich sal sy nuwe toneelstuk, "Oz pêl Gatiepie gaat visvang", in Boksburg opvoer, voordat dit na die Klein Karoo Nasionale Kunstefees vertrek.

Kevin het die hoogs suksesvolle komedie "Gatiepie sien sy gat..." in 1999 geskryf, en dit opgevoer by die Standard Bank Nasionale Kunstefees in Grahamstad.

"Ek het 'n passie vir die Afrikaanse taal," sê Kevin.

"Ons mense se taal is kleurvol en daar kan baie daarmee uitgerig word.

"Ek skryf soos ek praat, en beskryf myself as kopdoekie Afrikaans.

"My doelwit met my produksies is om die gehoor te laat lag, en dit is glad nie moeilik om te verrig met Afrikaans nie."

Loanard Petersen (Skinny) en Glynis Glenister (Tiema) is die ander lede wat aan die produksie deelneem, en William Abdul is as assistent-direkteur aangestel.

"Skinny is Gatiepie se beste bra (vriend)," sê Loanard.

### Vol streke

"Hy is vol streke en sê iets voor hy dink, maar sy vriendskap met Gatiepie beteken vir hom die wêreld."

"Tiema is Gatiepie se 'handbag' (sy skelmpie), en sy is 'n harde persoon wat geen nonsens vat nie," sê Glynis.

Kevin sal die rol van Gatiepie vertolk, en beskryf die storie as volg:

"As 'n salesman, verkoop Gatiepie yskaste aan die Eskimos.

"Tiema (sy het nie 'n reverse gear nie) is Gatiepie se handbag en hulle deel al ses jaar saam 'n flêt. Sy beste bra is Skinny.

### Nie hengel

"Hy en die brasse gaat visvang -- nie hengel nie! Dis wanneer die ouens lawaaiwaters, musiek en braaivleis-goeters saamvat waters toe, en ook skelmpies 'n giggellende en sexy sparewheel saam smokkel, wat in 'n bra se slaapsak kan inpas.

"Maar dinge verloop egter nie altyd volgens plan nie, veral nie as Gatiepie aan bewind van sake was nie."

Die oorspronklike komedie sal op 21 en 22 Maart, stiptelik om 7nm, in die Poskantoor Teater in Boksburg opgevoer word, en kaartjies sal by die deur te koop wees. Daar is min sitplekke beskikbaar.

Vir meer besonderhede, kan mense Kevin skakel by 910-4444.



**Die span van "Oz pêl Gatiepie gaat visvang" is (van links): Loanard Petersen, Glynis Glenister en Kevin Ehrenreich.**

---

**Movie review**

## Movie has more bark than bite

***Film:*** *Queen of the Damned*
***Cast:*** *Stuart Townsend, Marguerite Moreau, Aaliyah, Vincent Perez, Lena Olin*
***Director:*** *Michael Rymer*
***Genre:*** *Horror*
***Format:*** *DVD and VHS Video*
***Duration:*** *98 min*
***Age restriction:*** *16 (v)*
***Rating:*** *4/10*

The vampire Lestat de Lioncourt (Stuart Townsend) has awakened after a 100-year sleep, to the grim rock sounds of a band, and decides to defy the first and most important vampire rule -- never reveal yourself to humankind, or expose your kind -- by joining the punk band.

Jesse Reeves (Marguerite Moreau) is a scholar at a London university, studying various cults, and is drawn to the music and charm of the vampire Lestat.

She is not the only one drawn to the haunting tunes.

The great Vampire Queen Akasha (Aaliyah) has risen, and plans to make Lestat her new king, for together they would be able to rule the world of the living and the dead.

Based on the third book "The Vampire Chronicles" by Anne Rice, the movie lacks the charm and grandeur of